Donderdag **14 November**
**Skrifgedeelte: Genesis 18:23-33**
**Fokusgedeelte: Genesis 18:32**

**Jy is God se kosbaarste besitting**

Die Here gaan Sodom en Gomorra verwoes. Alles en almal sal uitgewis word. Die Here het hierdie voorneme van Hom aan Abraham bekendgemaak. Dit het Abraham diep aangegryp. Sê nou daar woon regverdige mense ook in Sodom – gaan die Here se straf hulle ook tref?

Daarom tree Abraham in vir die regverdiges in hierdie goddelose stede. Met eerbied en huiwering en in nederigheid tree hy vir hulle in voor God. Hy word so klein voor God (vs 27): "Ek is maar net stof en as, tog het ek gewaag om met die Here te praat." Nog kleiner, tot die dood toe klein, het Christus geword toe Hy vir ons kom intree het aan die kruis. Abraham smeek: Sal God die oordeel voltrek en vyftig regverdiges moet ook daaronder ly? Sal selfs tien regverdiges op die uiteinde gering wees vir die Here dat Hy hulle saam met die goddelose sal verdelg?

Nee, as die Here vir tien gelowiges die hele plek sal spaar, sal Hy mos ook nie een enkele regverdige net soos die goddelose behandel nie. Nie een van sy kinders is gering voor Hom nie, elkeen is uiters kosbaar vir Hom. Hy gee soveel om, Hy sal selfs die goddelose wêreld waarin ons woon, verdra. Ons moenie kla oor die goddelose met al die korrupsie en moorde en onsedelikheid om ons nie – dit is ter wille JOU, van die kerk en die koninkryk van die Here dat Hy nog nie die wêreld tot oordeel gebring het nie.

Daarom is dit steeds tyd om ons lig te laat skyn, en tyd om met eerbied en respek klein te word voor die Here wanneer ons die wêreld en sy mense aan die Here opdra.

*Sing Psalm 8-1:3, 4*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)*